KIXPIRASIE Kwartaal 3 - 2024

Geplant om te groei

Indien moontlik: Doen hierdie aktiwiteite buite onder 'n boom wat skaduwee maak.

Aktiwiteit: Gee aan elke persoon in die groep 'n blaar. Dit kan 'n regte blaar wees of 'n blaar wat uit papier of karton gesny is. Daar kan ook 'n mandjie/bak vol verskillende blare wees en elkeen in die groep kan sy/haar eie blaar kies wat vir hulle mooi is.

Gesels saam: Draai twee-twee na mekaar, of gesels in die groep indien die groep klein genoeg is, en deel met mekaar 'n herinnering wat lekker/goed was, wat onder 'n skaduwee boom plaas gevind het. Dit kan 'n oomblik langs 'n sportveld wees, 'n familie kuier in die agterplaas onder die bome ens.

Wat maak dat mens so lekker saam kuier onder 'n skaduwee boom?

Teks: Psalm 1

PSALM 1

1Dit gaan goed met die mens
wat nie die raad van goddeloses volg nie,
nie met sondaars omgaan
en met ligsinniges saamspan nie,
2maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind,
dit dag en nag oordink.
3Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

Om geestelik te groei is een van die belangrikste take wat ons as Christene het. 2 Korintiërs 8:13b sê: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Hoe kry ons dit reg om al meer te verander om aan die beeld van Christus gelyk te word?

Ons moet geplant wees op die regte plek, ons wortels moet in die regte bron (die Bybel), geanker wees. Dan is ons soos die boom van Psalm 1 wat vrug dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Ons as leiers/volwassenes het 'n groot verantwoordelikheid teenoor die kinders wat elke week KIX toe kom - hulle wil onder ons veilige blaredak kom sit en meer van God leer. Dis elkeen van ons se verantwoordelikheid om tyd saam met God te spandeer en ons wortels in die Woord te anker. Dis dan wanneer ons blaredak 'n verskil kan maak in die kinders en die mense om jou se lewens.

Raak vir ‘n oomblik stil en kyk na die blaar in jou hand. Vra vir God om elke kind te seën wat hierdie kwartaal onder jou blaredak gaan kom sit.

Bid vir mekaar: Draai na mekaar toe en bid vir mekaar. Bid dat God julle sal help om geanker in sy Woord te groei en vrug te dra.